JOHANNESBURG
Beeld
WOENSDAG, 27 JULIE 1994

Stembrief as aandenking

Sowat 1,4 milj. ongebruiktes eersdaags 'aggressief' verkoop teen R10

Jan de Lange

SOWAT 1,4 miljoen stembriewe verskyn binnekort op die mark – as aandenking van die verkiesing vroeër vanjaar.

Die meeste van die miljoene stembriewe wat oorgebly het, is reeds verpulp. Die Staatstenderraad en die Onafhanklike Verkiesingskommissie het egter tenders vir sowat 1,4 miljoen ongebruikte stembriewe aan tenderaars toegeken om te verkoop.

Twee ondernemers het geslaag met tenders om die stembriewe te koop. Hulle spring binne twee weke weg met 'n aggressiewe bemarkingsveldtog om die kleurryke stembriewe te begin verkoop teen R10 stuk.

Mnr. Norris Barker, 'n Amerikaner wat nou in Johannesburg woon, het 1,1 miljoen van die stembriewe aangeskaf en het eksklusiewe regte verkry om dit in die informele sektor in Suid-Afrika te verkoop.

Wat nie plaaslik van die hand gesit word nie, sal hy na 26 ander lande, hoofsaaklik in Europa, uitvoer.

"Ek beplan reeds maande daaraan. Ek het 'n netwerk van verkopers op die been gebring. Twee smousverenigings, Achib en Hatchet, en verskeie taxi-verenigings het daarmee gehelp. Hulle gaan die bemarking daarvan behartig.

"Die talle versprelders in dié organisasies kry elk R1,50 vir elke stembrief wat verkoop word en die kleinhandelaar R5. Die kleinhandelprys is R10 per stembrief," het mnr. Barker gister gesê.

Hy het tot dié bemarkingsmetode besluit omdat hy meen diegene in die informele sektor is die mense in die land wat die meeste belang by die verkiesing gehad het en vir wie aandenkings van die verkiesing die meeste waarde inhou.

Hy het ook 6 000 plakkate laat druk om die stembriewe te adverteer en 6 000 afdrukke van 'n bemarkingsplan om die stembrief-handelaars op te lei in verkoop-tegnieke. Die bemarkingsplan word ook met prente geïllustreer om diegene te help wat nie kan lees nie.

Wat die buitelandse mark betref, voorsien hy ook nie probleme nie. "Die vraag is geweldig groot, veral van Suid-Afrikaners wat in die buiteland woon en daar gestem het."

Mnr. Lance Dutton, 'n Kapenaar, het sowat 100 000 van die stembriewe gekoop. Hy beoog om dit van aanstaande week by groter winkelsentrums te verkoop, maar gaan eers al die stembriewe laat laminеer.

'n Maatskappy in Reno, Nevada, het glo die alleenreg verkry om die stembriewe in Amerika te verkoop. Van die bemarkingsplanne sluit glo in om klippe uit Suid-Afrika in stembriewe toe te draai. Die klippe word dan verkoop as klippe wat gebruik is om apartheid te beëindig ...